**Hulp dokumente om makliker te werk.**
**Documents to assist and explain procedures.**

# Logo (skoolwapen) verandering.

Eerstens moet dit beskikbaar wees as ‘n .bmp leêr.

As ek dit van die internet aflaai is dit gewoonlik ‘n .jpg of ‘n .png leêr.

Gebruik ‘n grafiese program wat dit kan oopmaak en stoor as .bmp (Windows Bitmap) leêr.

**Dit werk nie om slegs met ‘n Rename dit te verander van xxx.jpg na xxx.bmp nie.**

Kopieer dit dan na **C:\Program files(x86)\BSport**

Die huidige USASSA logo is daar as Own.bmp

Gebruik Rename en verander dit na Own1.bmp (net ingeval dit dalk weer teruggesit moet word).

Verander dan die skool.bmp na Own.bmp

Soms word die agtervoegsels nie vertoon nie. Moet dan nie die agtervoegsel tik as deel van die verandering nie. Maak net seker dat dit die regte formaat is.

As die nuwe logo nie op die hoofblad gesien word nie, dan is die formaat nie reg nie. Skraap dan Own.bmp en Rename Own1.bmp terug na Own.bmp.

## Veelvuldige logos.

Indien verskeie byeenkomste aangebied moet word kan almal in herkenbare benaminge in die programgids gestoor word en dan slegs verander word na Own.bmp vir die spesefieke byeenkoms.

Deur gebruik te maak van grafiese sagteware kan ‘n logo geskep word vir ‘n spesefieke byeenkoms of ‘n saamgestelde een kan gemaak word bestaande uit die logos van die deelnemende skole.

## Hulp met omskakelings.

Indien die beskikbare sagteware u nie toelaat om formaat veranderings te doen nie, kan dit per e-pos na my gestuur word en ek sal dit omskakel. Dit kan ook vanaf ‘n briefhoof in MS Word gestuur word. (Dit is nooit baie goed as dit vanuit ‘n .pdf leer gedoen word nie.)

**Sarel Bekker – 083 734-7079**
**sbekker@bsport.co.za**